DIE LERAAR AS "*CHANGE AGENT*"

Barnard Steyn

Barnard Steyn het na legitimasie as gemeenskapsontwikkelaar by die Landelike Stigting en Vredesdirektoraat gewerk. Hy begin sy bediening in die NG Kerk as proponent in Grahamstad en De Hoop waarna hy na die familie-grootte gemeente te Pearston beroep is. Hy is gevra om te reflekteer oor die landskap wat hy daar aangetref het en die transformasie wat plaasgevind het.

Ons gesin het die voorreg gehad om vir byna agt jaar lank op die rand van die Karoo tussen Bruintjieshoogte en Tandjiesberg te woon. Haastige verbygangers sal eentonige landskapslyne en 'n terughoudenheid sien as dit kom by kleurskakerings. Vir mense wat tyd het en moeite doen, lê daar 'n rykdom opgesluit. Die bekende paleontoloog dr Robert Broom wat "mrs Ples" ontdek het, het gekies om hier huisdokter te wees vir die skatkis van fossiele. Op Asante Sana is die voetspore van 'n groep *Dicynodonts*, wat 255 miljoen jaar gelede die moerasse bewoon het, versteen te sien. Dié wêreld herinner aan die ewigheid … dié wêreld herinner aan God wat nog altyd hier was en altyd hier sal wees.

Dicynodont spore en geraamte

God kan nie en hoef nie teenwoordig gestel te word nie, maar as beelddraers verteenwoordig mense Hom op 'n verskeidenheid maniere. Die mense van Pearston leef in 'n verhale-wêreld en kan kleurryk oor voorgangers vertel.

- As die dienskneg wat hulle aan 'n engel herinner het, gebak op plaasbasare gekoop en aan werknemers uitgedeel het, het hulle God se liefde en barmhartigheid raakgesien.
- As die voorbidder in krisistye by God intree en daar uitkoms is, het hulle God se versorging raakgesien.
- As die dominee toga vir kwaaibaadjie verruil en afwesigheid by bidure en 'n dansery nie duld nie, het hulle God fronsende beleef.
- En as die dominee ampsdrag nie eers in die jagveld prysgee nie, het hulle God se plegtige en formele kant gesien.
- As die volksman gedurende die Tweede Vryheidsoorlog verklaar: "I*n Juli 1901 werd ons Kerkgebouw in bezit genomen door de Militairen die het tot ene fort maakte, en er in leefde en op meer dan eene wyse deze plaats ontheiligen*", is hulle aan God se hei-



"The Karoo breeds few atheists, perhaps this is an accident, and its plant and animal world, so bizarre and yet so methodical, plays no part in this at all. Or, perhaps, unguessed by its people the pressure of a great plan is about them".

ligheid herinner en het hulle na Sy regverdige oordeel verlang.

- 'n Droogtepreek van ouds se sekerheid waar die dorheid vandaan kom, herinner sommige inwoners vandag nog dat God gehoorsaamheid eis.
- Op herbesoek aan sy geboortedorp skryf Ernst van Heerden dat die NG Kerk "stoer en stewig" staan. Sou hy net na die statige kerkgebou verwys het?

By die digters en skrywers uit die omgewing is ander gesigte van God te sien wat met my gees geresoneer het. In haar bekende boek "Plain of the Camdeboo" is Eve Palmer se gevleuelde woorde te lees: "T*he Karoo breeds few atheists, perhaps this is an accident, and its plant and animal world, so bizarre and yet so methodical, plays no part in this at all. Or, perhaps, unguessed by its people the pressure of a great plan is about them*".

Hélène Kesting, dig oor God se sagte en oorweldigende alomteenwoordigheid:

Die Sterre oor Pearston
Ek gaan terug na Pearston
om weer die klokkespel
van die sterre te hoor
uit die stil naby-gewelf
van die Karoo-plaasnag.

'n Gemaskerde Beiaardier
bespeel die sterre
nes toe ek kind was
die uitspansel weergalm
ek word vervoer deur die luister.

Die Een wat die sterre bespeel
by my
op eie houtjie
is ek doof
vir die klokkespel van die sterre.

As entoesiastiese jong VDM het ek op Pearston aangekom met die verwagting dat ek darem hier 'n impak kan maak. Dit was 'n geestelik verrykende ervaring om te ontdek dat die landskap en sy mense my gevorm het. Die groei wat plaasgevind het, was saamgroei; was genade uit God se hand. God wat nog altyd hier was en altyd hier sal wees …

'n Omgewing en sy mense groei ook op 'n *Verbi Divini Minister* (VDM) soos mos. Hy of sy kies dit nie; dit gebeur; dis genade. Elke gemeente is uniek, omdat elkeen anders geposisioneer is. Op Pearston het ons saam na die plantegroei gekyk waarmee die Skepper die vlaktes bedek en was verras toe die Ankerkaroobossie die gemeentevisie "ANKER en Groei" geïnspireer het.

Dit neem 'n tyd om tot die oortuiging te kom dat hier vir gedrewe bedieningsprogramme min energie is. Hierdie gemeente funksioneer soos 'n familie en hier word die VDM, ter wille van Christus, familievriend. Voorgangers het geleer dat dit wat die herder en leraar is - veral voor die oë van die Here - die boodskap sou wees. As geroepene het ek die voorreg om enkele kante van die ondeurgrondelike God as sy verteenwoordiger te beliggaam. Die omgewing rig selfs fondsinsamelings en saam het ons die berge (vir 4x4 roetes) en die wild (vir koedoe- en springbokjagkompetisies) raakgesien.

As entoesiastiese jong VDM het ek op Pearston aangekom met die verwagting dat ek darem hier 'n impak kan maak. Dit was 'n geestelik verrykende ervaring om te ontdek dat die landskap en sy mense my gevorm het. Die groei wat plaasgevind het, was saamgroei; was genade uit God se hand.

God wat nog altyd hier was en altyd hier sal wees …